

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Bakkes (375/90) [1990] ZASCA 144 (26 November 1990)

[1990] ZASCA 144

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

E M Grosskopf, Smalberger, Steyn

CASE / FILE NUMBER

375/90

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPeLAFDELING)

In die saak tussen:

CAREL-JOHN BAKKES Appellant

en

DIE STAAT Respondent

CORAM: E M GROSSKOPF, SMALBERGER et STEYN, ARR

VERHOOR: 26 November 1990 GELEWER: 26 November 1990

UITSPRAAK MONDELINGS GELEWER NA AFLOOP VAN DIE ARGUMENT

E M GROSSKOPF, AR

1

Ons is versoek om hierdie saak so gou as moontlik af te handel aangesien die appellant, ooreenkomstig die verhoorhof se vonnis, reeds vanaf 15 Januarie 1991 gemeenskapsdiens moet lewer, en hy tans moet beplan vir sy toekomstige loopbaan. Ons het tot 'n besliste gevolgtrekking oor die uitslag van die appêl gekom, en onder die omstandighede is dit dus gepas dat ek onmiddellik uitspraak lewer.

Die appellant is skuldig bevind aan strafbare manslag.

Hierdie skuldigbevindng het ontstaan uit 'n skietvoorval. Die hofa quo het die relevant feite soos volg saamgevat.

"Beskuldigde is op 11 Oktober 1970 gebore wat beteken dat hy 16 jaar en ietwat meer as sewe maande oud was tydens die voorval. Op daardie stadium was hy in standerd nege. Gedurende die dag van die gebeure was hy vir alle praktiese doeleindes in beheer van die plot (waar hy by sy ouers gewoon het) en moes hy toesien na die veiligheid van sy twee jonger susters en broer. Hy was verder toevertrou met nie alleen 'n ,22 geweer nie maar ook met 'n 7,62 mauser waarmee, volgens dr Marais, olifante gedood kan word. Hy was ook nie onkundig van die verskynsel van opslagkoeëls nie. Hy het self getuig dat hy bewus was van die gevare verbonde aan die gebruik van vuurwapens en die gevare verbonde daaraan as daar in die algemene rigting van mense geskiet word. Hy blyk ook terdeë bewus te wees van die feit dat die

2

afvuur van 'n vuurwapen vanuit die heupposisie onakkuraat 'in enige rigting' kan wees. Hy is ook terdeë bewus daarvan dat 'n 7,62 geweer 'n veel gevaarliker wapen as 'n ,22 geweer is.

Voormelde kennis is volgens algemene ervaring ook diê kennis wat 'n redelike man in die betrokke omstandighede sou hê. Nieteenstaande bewustheid van wat hierbo vermeld is, bewapen beskuldigde hom met die 7,62 en gebruik hy dit inderdaad toe hy die oorledene en die klaer gewaar. Die wyse waarop hy dit gebruik gaan mank aan die wyse waarop die redelike man dit sou gebruik het. Op 'n afstand van 100 meter lê hy op die algemene rigting van die oorledene en die klaer aan, weliswaar nie direk op hulle nie maar in lyn met hulle en na 'n punt ongeveer twee meter onderkant die plek waar hulle gesit het. Wat meer is, daardie punt is op 'n rotskoppie waarvan die helling skuins in die rigting van die oorledene en die klaer opgeloopt het. Ongeag die gevare waarvan hyself bewus is, vuur hy die eerste skoot in daardie rigting. Op die getuienis van dr Marais, prof Loubser en kaptein Wolmarans, welke getuienis ons onomwonde op hierdie punt aanvaar, moes twee koeëls in daardie algemene rigting afgevuur gewees het. Alhoewel beskuldigde beweer dat hy slegs een koeël daarheen afgevuur het, is dit so dat hy self sê dat hy vanaf 'n heupposisie twee verdere skote afgevuur het. Dat een van daardie skote ook tot gevolg gehad het dat die oorledene getref is spreek in effek vir sigself. Op sy eie weergawe behoort hy te besef het dat van daardie skote die oorledene kon tref."

Ek stem met hierdie uiteensetting saam.

Op appèl voor ons is daar veral geargumenteer dat die

3

appellant ten tye van die voorval net 16 jaar en 7 maande oud was, en dat sy jeug in ag geneem moes gewees het by die beoordeling van die vraag of hy nalatig was. Daar is 'n deeglike en interessante argument uiteengesit in die partye se betooghoofde oor die vraag of die toets by nalatigheid altyd 'n objektiewe een is, en of die hof ook subjektiewe faktore in ag mag neem. Myns insiens is dit nie nodig om hierdie vraag te beslis nie. Selfs al sou 'n mens die appellant se persoonlike omstandighede in ag neem blyk dit dat, al was hy jonk, hy aansienlike ondervinding van vuurwapens gehad het, en gereeld vuurwapens gebruik het. Ek vind dit moeilik om te glo dat hy nie geweet het van die moontlikheid van opslagkoeëls, selfs by die 7,62 mauser nie. Hoe dit

ook al sy, die vraag is nie of hy geweet het van die moontlikheid van opslagkoeels nie, maar of hy, as 'n redelike mens, behoort te geweet het. Myns insiens behoort selfs 'n sestienjarige te weet dat dit gevaarlik is om met 'n vuurwapen naby mense te skiet, en dit geld veral vir 'n sestienjarige wat ondervinding in die gebruik van vuurwapens het.

4

Ek meen dus dat die skuldigbevinding in orde was. Dit bring my dan by die vonnis. Die appellant is gevonnisd tot 4 jaar gevangenisstraf wat vir 5 jaar opgeskort is onder sekere voorwaardes, en veral 'n voorwaarde dat hy 2250 uur gemeenskapsdiens verrig. Daar is betoog dat hierdie vonnis te swaar is. Die verhoorhof het getuienis ten opsigte van vonnis aangehoor en het 'n deeglike en ewewigtige uitspraak oor vonnis gelewer waarmee ek saamstem. Weens die omstandighede wat die verhoorhof genoem het, meen ek dat daar geen gronde is om by die opgelegde vonnis in te meng nie.

Die appèl teen skuldigbevinding en vonnis word afgewys.

SMALBERGER, AR

STEYN, AR Stem saam

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1990/144.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-bakkes-unknown-topic-asca-1990>

Prepared on 14 October 2026 · Esheria